# LAERSKOOL EUREKA

Klisserweg, Kimberley, 8301
Telefoon: 087 310 5310
Faks: 053 861 3849
Faks na Epos: 086 566 4916
E-pos: krediteure@eurekalaerskool.co.za
E-pos: sport@eurekalaerskool.co.za

Posbus 11020
Hadisonpark
8306
E-pos: admin@eurekalaerskool.co.za
www.eurekalaerskool.co.za

10 Februarie 2023

Geagte Ouers

Die eerste kwartaal snel deur die weke soos 'n warm mes deur botter en ons nader ons eerste kwartaaltoets vir Wiskunde vir gr. 6 en gr. 7 op 17 Februarie. Sterkte aan al die leerders met die skryf van die vraestelle.

Ons sport is ook nou in volle gang met ons sone-byeenkoms en ons atlete berei hulle voor vir die **Kimberley skole-byeenkoms** van 18 Februarie. Neem kennis dat die aanvanklike datum 11 Februarie was en nou geskuif het na 18 Februarie. Ons sal die nodige inligting, reëlings en program deurgee aan die betrokke atlete sodra ons dit van die organiseerders ontvang. Sterkte ook aan elke atleet en weet dat ons trots is op julle.

**MINI-KRIEKET:** Die O/8 mini-krieketseuns het ook hul eerste wedstryde gespeel en na gelang van die glimlagte op hul gesigte kan ons aflei dat hulle dit baie geniet het. Hul volgende wedstryd vind eerskomende Donderdag plaas. Die betrokke seuns sal ook die nodige inligting ontvang vir die wedstryde.

**NETBAL:** Die O/10 netbalproewe vind op Maandag, 13 Februarie plaas.

**SPORTDAG:** Ons eerste **O/13 netbal- en rugby-sportdag** vind ook reeds op Vrydag en Saterdag, 17/18 Februarie plaas by Landboudal. Sterkte aan die betrokke leerders.

**"STAP EN TRAP":** Ons gr. RR- en R-leerders word ook nie ingedoen met skoolaktiwiteite nie en hul "Stap en trap" vind Donderdag, 16 Februarie om 17:00 op die rugbyveld plaas. Hulle gaan met hul fietse om die skool ry en volgens 'n Valentyns-tema aantrek en hul fietse ook daarvolgens versier.

Inligting rakende hierdie geleentheid is reeds aan die betrokke ouers deurgegee.

**REDENAARS:** Ouers moet onthou om inskrywings te doen en dat hul 'n afskrif van hul inskrywing skool toe moet bring vir juf. Elaine Coetzee by gr. 3E.

**RAMME-AAND**: Ja, ons hoop die pappas het hierdie datum gemerk om die voorbereiding van die jagseisoen te begin. Op 16 Maart vind ons jaarlike wildsveiling plaas in ons skoolsaal. Vind asb. aangeheg die lys van lotte waarop gebie kan word. Maak seker dat u nie hierdie geleentheid misloop nie en maak asb. dadelik 'n bespreking.

**AMAZING RACE:** Diamantveld Hoërskool bied ook hul jaarlikse Amazing Race op Saterdag, 25 Februarie op hul sportgronde aan. Aangeheg is die inligting. Kom ons gaan ondersteun hulle. Daar is pamflette aan die leerders vanaf gr. 3 tot en met gr. 7 uitgedeel.

**INENTING TEEN MASELS:** Die Departement van Gesondheid gee die leerders geleentheid om ingeënt te word teen masels vir leerders vanaf gr. R tot en met gr. 7. Hierdie inentings vind plaas op 23 en 24 Februarie by die skool. Hierdie projek word bestuur deur die Departement van Gesondheid en dit is vrywillig. Indien u wil gebruik maak van die geleentheid kan u die nodige dokumentasie by mev. Marileen Badenhorst by ontvangs kom afhaal. Die Departement vereis toestemming alvorens enige inentings mag plaasvind.

**KWYTSKELDINGS:** Net ter herinnering – kwytskeldings moet teen 17 Februarie ingehandig wees.

Eureka-groete

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF
Inligtingsbrief 4/2023

# Laerskool FEBRUARIE 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 29 | 30 | 31 | 1 | 2<br>Atletiek – Cluster De Beers | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9<br>Mini - Krieket | 10 | 11 |
| 12 | 13<br>*Netbal O/10 Proewe<br>*Netbal Verg. Juf Erika | 14<br>Valentyns<br>Gr. 7 leiers | 15 | 16<br>*Rugby Skeids-regters 15:00<br>*Mini – krieket<br>*Graad R & RR Stap en Trap | 17<br>*Landboudal 0/13 Rugby + Netbal<br>*Gr 6 – Wiskunde<br>Gr 7 - Wiskunde | 18<br>*Atletiek – Kimberley skole<br>*Landboudal 0/13 Rugby + Netbal |
| 19 | 20<br>Jim Fouche rugby 0/11 & 0/13 | 21<br>Gr 7 - Geskiedenis | 22 | 23<br>*BHL vergadering 17:15<br>*Con Spirito redenaars 14:30<br>*Staats Mini – Krieket<br>*Masels inenting Dept. Gesondheid | 24<br>*Tennis – senergy<br>*Gr 6 – Afrikaans<br>Gr 7 – Natuurwetenskap<br>*Masels inenting Dept. Gesondheid | 25<br>*Atletiek - Frances Baard by De Beers<br>*Tennis – Senergy<br>*Hoërskool Diamantveld Amazing Race |
| 26<br>Tennis – Senergy | 27 | 28<br>Gr 4 –Engels<br>Gr 5 – Wiskunde<br>Gr 6 – NWT<br>Gr 7 - Afrikaans | 1 | 2 | 3 | 4 |

# Laerskool MAART 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| 26 | 27 | 28 | 1 | 2<br>*Qms Opleiding posvlak 1 13:00 – 16:30 by HTS<br>*SAOU – Mnr. Venter | 3<br>*Seodin 0/11 – 0/13 Rugby Netbal 0/9 – 0/13<br>*Gr 4 – Afrikaans<br>Gr 5 – Engels<br>Gr 6 – Geografie<br>Gr 7 – EBW<br>*SAOU – Mnr. Venter | 4<br>Seodin 0/11 – 0/13 Rugby Netbal 0/9 – 0/13 |
| 5 | 6 | 7<br>*Gr 4 – Geskiedenis<br>Gr 5 – Afrikaans<br>Gr 6 – Geskiedenis<br>Gr 7 – Geografie<br>*Gretha Wiid Ouers 17:30 | 8<br>*Gretha Wiid<br>1-3<br>4-5<br>6-7<br>Personeel vanaf 13:30 tot 14:30 | 9<br>Staats 0/9 Rugby + Netbal | 10<br>*Staats 0/11 – 0/13 Rugby + 0/9 – 0/13 Netbal<br>*Gr 4 – NWT<br>Gr 5 – NWT<br>Gr 6 – Engels<br>Gr 7 – Engels<br>*Radikale Redenaars - inskrywings sluit | 11<br>*Staats 0/11 – 0/13 Rugby + 0/9 – 0/13 Netbal<br>*Fichardtpark 0/9 Rugby |
| 12 | 13<br>Covid inenting Dep. | 14<br>Gr 4 – Wiskunde<br>Gr 5 – Geskiedenis<br>Gr 6 - Wiskunde | 15<br>Graad R & RR Atletiek / Boeresport | 16<br>*Graad 7–uitstappie<br>*Wildsveiling | 17<br>*Rugby + Netbal 0/13 H/S Diamantveld<br>*Gr 4 – Geografie<br>Gr 5 - Geografie | 18<br>Rugby + Netbal 0/13 H/S Diamantveld |
| 19 | 20<br>Skole vakansiedag | 21<br>Menseregte dag | 22<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal | 23<br>*Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal<br>*Radikale Redenaars-sluitings-datum vir videos | 24<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30<br>BHL vergadering 17:15 | 31<br>*Skool sluit<br>*O/13 Rugby-toer Paarl | 1 |

# PAKKETTE

| BORG SE NAAM | BESKRYWING VAN PAKKET |
|---|---|
| Ameila en Thys van Rooyen<br>Uitkyk Safaris<br>082 832 0723 | Selfsorg verblyf vir x 4 gaste vir x 2 aande – met x 4 springbokke ingesluit. |
| Liam Urry<br>073 456 2910 | Bokkarkas |
| Ricky Booysen<br>083 420 6774 | 2 x Annique geskenkpakke |
| Adam en Nella Barnard<br>Spitskop Spa<br>083 425 9897 | 1 x Paartjie massering (Waarde R1 250) |
| Takie Pope<br>082 423 1645 | 2 x springbokke en x 1 blesbok |
| Herman Pheiffer<br>082 458 8311 | 1 x springbok en 1x gemsbok – bewerking ingesluit. |
| Deon van Aswegen en Johan Venter<br>Ultimate Africa | 2 x aande se verblyf vir x 2 paartjies (Bed en Ontbyt). Aandete vir x 4 vir vir x 2 nagte. Wildsrit vir x 4 en 1 x Impala om te jag (Waarde R25 000) |
| Attie Jansen<br>083 455 6789 | 1 x koedoe en 1 x rooibok.<br>2 x aande se selfsorg-verblyf vir x 4 persone in Jaghuis. Gids en jagvoertuig om te gebruik tydens verblyf. |
| Jolize Wiid<br>Rooidam Selfsorg Gasteplaas<br>Naby Modderrivier<br>083 659 7114 | 2 x aande se selfsorg verblyf vir 6 persone. |
| Jaco Delport<br>083 274 9767 | 3 x rooibokooie<br>1 x vlakvark<br>1 x slaglam<br>1 x aand se verblyf vir x 4 jagters |

| | |
|---|---|
| Greg Edwards<br>Magersfontein Safari's<br>083 251 6122 | 1 x aand se verblyf vir x 2 gaste by Magersfontein Safaris Game Lodge<br>x 1 Jagtersdag-fooi (sluit in 'n gids, jagvoertuig, afslag van diere, ens.)<br>1x springbok<br>1 x vlakvark |
| Mev. Calla van Niekerk<br>Buffelcor en Langkop Boerdery<br>083 261 9951 | Groot bottel wyn van oorlede Hansie Cronje se Gedenkjaar en persoonlik deur hom geteken. |
| Mnr. Flip Nel<br>De Nel Safaris<br>082 375 0767 | 2 x springbokkarkasse |
| | |